

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

8 Mei 2010

Ja, net toe ons dog die reën is verby, toe kom hy maar weer. Saam met al die reen kom daar ook probleme wat ongewoon is soos byvoorbeeld Petunias wat geplant is vrot weg. Petunias hou mos van 'n lekker sonnige bedding met baie goeie dreinering so dis ook hoekom die plantjie so papperig word en dan omval. Jou Kalanchoes word sommer swart en sag. Namakwaland se Madeliefies doen ook nie baie goed in die nat toestande nie. Dis hoekom ons altyd sê jy moet die madeliefies in die eerste twee weke natmaak en daarna glad nie weer vir die hele winter nie. As jy nog nie jou madeliefies gesaai het nie is dit nou die regte tyd om dit gesaai te kry vir 'n pragtige warm winter bedding. Moenie jou Madeliefies in te veel skaduwee saai nie want dit sal definitief nie so goed doen soos in die vol son nie.

Moedersdag is more en as jy nog nie iets vir jou ma gekry het nie, gaan kry vir haar 'n mooi potplant wat nog vir weke lank sal blom. 'n bos blomme sal definitief nie so lank hou soos 'n potplant nie. As jy nie seker is watter plant en sekerlik ook die mooiste binnenshuise plant nou vir die wintermaande is jou Cyclamens. Selfs 'n snoeiskêr of 'n paar tuin handskoene ka nook goed werk en vir die mense wat nie by 'n kwekery kan uitkom nie, onthou om die dag spesiaal te maak.

Moenie nou jou grasperk te kort sny nie en ja, jy gaan dit moet aanhou sny tot die reen verby is en die gras minder groei. As die ryp begin val en jy jou grasperk eur die winter wil groen hou moet jy elke oggend vinnig die koue afwas. Moenie dit te vroeg in die oggend doen nie anders sal dit op die gras verys en jou grasperk groter skade aandoen. Die geheim is om dit net voor sonsopkoms te doen.

Derrich jy het laas week gepraat oor die knoppie op die surlemoen bome. Ek wil net weer herhaal dat Aphicide die beste daarvoor is en ook jy het my gevra oor die Groen rissie. Die reen speel definitief 'n factor en ook onthou al jou rissie varieteite hou nie van die koue nie, so dis hjoekom die winter dit ook negatief sal affekteer en die vrugte sal aantas. So gepraat van groente. Een van die grootste foute wat mense maak is om die selfde groente gewasse oor en oor in die selfde plek te plant. Dis baie belangrik jou groente beddings af te wissel en verskillende groentes na mekaar in te plant.

15 Mei 2009

Met al die vog in die lug lyk dit asof dit 'n baie koue winter gaan wees.

Dit word nou koel genoeg om jou bolle in die grond te kry. As jy die bolle gekoop het en dit nog nie kon plant nie kan jy dit nou maar plant.

Groente saailinge wat jy nou ook in die grond kan sit sal jou uie, blomkool, kopkool en Spinasie insluit. As jy jou groente tuin later wil opplant kan jy nou pronkertjie sade in die grond kry en sodra hulle so ongeveer 10cm hoogstaan kan jy hulle in die grond omspit. Wat hierdie plante doen is om die stikstof in die lug op te neem en dit die die wortels te bind. Dan as jy dit omspit, behou jy die stikstof en so kry jy stikstof op 'n organiese manier in die grond. Meeste boere gebruik hierdie tegniek met goedkoop boontjie varieteite.

Baie van jou indringer plante is nou vol in saad of vol in blom. Ek praat nou spesifiek van die sering, en Luisboom wat

die geel bessies dra en die Morning Glory rankplant met sy pers blomme. As jy enige van hierdie plante in jou tuin het is dit nou die tyd om seker te maak dat jy van dit ontslae raak sodat jy minder probleme in die nuwe seisoen daarmee sal hê.
Geweldig baie mense het my hierdie week gebel oor 'n taai swart neerslag op hule plante en ook om hulle bome. Dier swrt neerslag is die afskeiding van insekte so as jy met die problem sit, kyk eers watter insek veroorsaak die problem en dan kan jy die insek behandel. As dit 'n groot boom is kan jy selfs 'n sistemiese doder in die groend gooi wat deur die boom opgeneem word en dan sal dit die insek tot bo in die hoogste punt van die boom doodmaak.
As jy groot bome of baie afval blare in jou tuin het en jy bly in 'n koue area is jy eintlik baie gelukkig. Die blare kan om die basis van die plante soos 'n kombers op die grond bo-op die wortels van die plante gegooi word. Dit sal dan die plante se wortels gedurende die winterkoue beskerm en jy sal baie minder plante verloor gedurende die winter. Jy kan net dink hoeveel beter die plante sal oorleef in die winter met 'n blaar kombers oor die wortels. Die kombers kan maklik so twee duim dik gegooi word om voldoende te beskerm.

22 Mei 2010

Die koue is hier en ek praat altyd van die beskerming van jou plante. Een maklike manier om jou plante te beskerm is om nie jou plante te laat in die dag nat te gooi nie. 'n Reel is om jou tuin glad nie na 12 in die middag nat te gooi nie. Die beste tyd om jou tuin te benat is tussen 07h00 en 12h00.
Net soos dit kouer word, word al die kos in die veld ook minder. Nou praat ek spesifiek van die muise en rotte. Ek kry baie vrae oor rotdoders, maar ek dink dink nie mense besef hoe belangrik dit is om die regte rotdoders te gebruik nie. Die eerste ding is om seker te maak dat jy 'n natuurvriendelike rotdoder kan gebruik wat net rotte en niks anders sal doodmaak nie, veral nie kinders, huisdiere of sekondêre vergiftiging nie. Met sekondêre vergiftiging praat ek spesifiek van uile en aasdiere. As ons in die laaste paar jaar meer versigtig was met die gif wat ons gebruik het, het ons nie sulke groot problem met rotte en muise gehad nie. Racumin, Eco Rat en Eco muis is baie veilige doders wat net rotte en muise doodmaak en niks anders nie. As jy 'n uil in die omgewing het kan jy baie maklik by jou naaste kwekery vir jou 'n uilboks aanskaf wat jy die uil in jou eie tuin 'n blyplek kan gee.
Nou ja die wurms in die Clivias gaan nooit ophou nie en dit kan 'n groot probleem wees. Daar is 'n paar goed wat die wurm moeilik maak om dood te kry. Die eerste is die feit dat die wurm se eiers agter op die blare van die Clivias gelê word. Sodra die eiers uitbroei klim die wurm in die blaar in en beweeg tussen die wande van die blaar af tot in die bol en vreet die plant letterlik van binne af dood. Dis hoekom 'n mens iets soos Garden Ripcord moet gebruii om deur die wand van die plant die wurm dood te maak. Die ander rede hoekom dit moeilik is om van die hardnekkige plaag ontslae te raak is die feit dat dit 'n twee weke lewenssiklus het en as dit nie gestop word nie, die probleem net vererger. So wat jy eintlik moet doen is om dit te spuit sodra jy die problem sien, Drie dae later en dan weer oor twee weke. Dis die enigste manier om die wurm se lewenssiklus te breek.
Die laaste ding waaroor ek wil praat is om die mense te herhinner om hulle broodboom permitte te hernu. Vir die mense wat dit nog nie gehoor het nie is daar nuwe wetgewing ingebring wat nou sê dat as jy 'n broodboom voor Feb 2007 aangeskaf het moet jy dit nou herrigestreer, wat beteken as jy wel 'n permit het, moet jy 'n nuwe permit kry en as jy nie 'n permit het nie, moet jy ook een kry. Nou die goeie nuus is dat daar wel mense is wat jou bystaan met die hele proses en dit vir jou makliker maak. As jy dit graag wil gedoen kry en iemand nodig het om jou by te staan, kan jy my kontak kan ek kan jou met die regte persoon in verbinding bring. Baie mense dink as hulle 'n koopsbewys het, dat dit voldoende is en hulle nie permitte nodig het nie. Hier is hoe sake staan: almal wat broodbome besit, versamel, vervoer of verkoop moet aansoek doen vir die betrokke permit. permitte. So as jy nie beboet of toegesluit wil word nie, doen die regte ding en kry die regte permitte vir jou broodbome.

29 Mei 2010

Geweldig baie mense het my hierdie week gebel oor 'n taai swart neerslag op hule plante en ook om hulle bome. Dier swart neerslag is die afskeiding van insekte so as jy met die probleem sit, kyk eers watter insek veroorsaak die probleem en dan kan jy die insek behandel. As dit 'n groot boom is kan jy selfs 'n sistemiese doder in die grond gooi wat deur die boom opgeneem word en dan sal dit die insek tot bo in die hoogste punt van die boom doodmaak. Die doders wat jy kan gebruik is Complete of Kohinor of een van ons ou gunstelinge die insekte korrels.
Dit word nou jou laaste kans om plante wat vroeg in die lente blom te voer, ek praat nou spesifiek van jou May Flowers en Blom perskes.
As jy groot bome of baie afval blare in jou tuin het en jy bly in 'n koue area is jy eintlik baie gelukkig. Die blare kan om die basis van die plante soos 'n kombers op die grond bo-op die wortels van die plante gegooi word. Dit sal dan die plante se wortels gedurende die winterkoue beskerm en jy sal baie minder plante verloor gedurende die winter. Jy kan net dink hoeveel beter die plante sal oorleef in die winter met 'n blaar kombers oor die wortels. Die kombers kan maklik so twee duim dik gegooi word om voldoende te beskerm.
Lyk my die laaste insek probleem waarmee ons voor die winter gaan sit is die gestreepte geel en swart wurms op die clivias en ander bolplante. Nou ja die wurms in die Clivias gaan nooit ophou nie en dit kan 'n groot probleem wees. Daar is 'n paar goed wat die wurm moeilik maak om dood te kry. Die eerste is die feit dat die wurm se eiers agter op die blare van die Clivias gelê word. Sodra die eiers uitbroei klim die wurm in die blaar in en beweeg tussen die wande van die blaar af tot in die bol en vreet die plant letterlik van binne af dood. Dis hoekom 'n mens iets soos Garden Ripcord moet gebruii om deur die wand van die plant die wurm dood te maak. Die ander rede hoekom dit moeilik is om van die hardnekkige plaag ontslae te raak is die feit dat dit 'n twee weke lewenssiklus het en as dit nie gestop word nie, die probleem net vererger. So wat jy eintlik moet doen is om dit te spuit sodra jy die problem sien, Drie dae later en dan weer oor twee weke. Dis die enigste manier om die wurm se lewenssiklus te breek.

tuis&home

EFEKTO For Life